## BESPREKINGSARTIKEL

**oor F.A. van Jaarsveld se Omstrede Suid-Afrikaanse verlede: Geskiedenisideologie en die Historiese skuldvraagstuk. (Lex Patria, 1984).**

# GESKIEDENIS IN DIE BRANDING

*Prof. P.H. Kapp (Departement Geskiedenis: RAU)*

Om by die rustige en dieper waters uit te kom waar die groot visse gevang word, moet die hengelaar sy boot eers deur die branding loods. Dit is daar waar die wit skuim kolk, die branders breek en die intrekkende en uitstotende gety mekaar ontmoet. Die malende waters en die spattende skuim maak dit nie net onrustig en onveilig nie, maar vereis ook dat hy sterk op sy bene moet staan en dat hy moet weet wát hy doen. Geskiedenis as skoolvak en as wetenskaplike dissipline beleef nie tans die rustigheid en die beleë aanvaarding of entoesiastiese steun wat hy stelling 'n twintig tot dertig jaar gelede geniet het nie. Oor die onderrig van die vak, oor die vormingswaarde binne 'n materialistiese georiënteerde milieu en oor die vertolking van die tematiek, die inhoud en die betekenis van die Suid-Afrikaanse geskiedenis word baie vrae gevra en bestaan daar skèrp meningsverskille. Denkrigtings word teenoor mekaar opgestel en elkeen stel sy eise en standpunte wat die interpretasie en verstaan van bepaalde gebeure en die verkryging van 'n sintese wat insig en begrip moontlik maak, en sin en betekenis aan leerplaninhoude gee, bemoeilik. Geskiedenis verkeer nie in 'n krisis of by die kruispad nie, maar in die branding. Sterk bene en 'n doelgerigte taakstelling is wat van die beoefenaars van die vak as opvoedingsdissipline vereis word om nie deur die gety oorweldig te word nie. Oor die onderrigmetodes, die eksaminering, die leerinhoude, die aktualiteit en relevansie, die wesenlike wetenskapsaard van die vak asook sy opvoedkundigvormende waarde en nut vir die breë samelewing word vrae gestel en probleme geformuleer. Polemieke in koerante oor mites en legendes in die Suid-Afrikaanse geskiedenis wat dan tot waarhede verhef sou word, die teruggryping na die geskiedenis om politieke, godsdienstige en maatskaplike standpunte en praktyke te regverdig of te veroordeel en emosionele reaksies oor sake met diep histories wortels kom vry algemeen voor. Die teer-en-veer-episode in Pretoria in 1979, dreigende lasteraksies oor wetenskaplike bevindinge i.v.m. die Afrikaner se herkoms, die opkoms van die radikale skool in die geskiedskrywing en Unesco se Paryse Konferensie van 1982 waar die Suid-Afrikaanse geskiedenis tot 'n terrein van die aanslag teen die blanke in Suid-Afrika verklaar is, is enkele voorbeelde van die krag van die gety in die branding.

**Die onderwyser as vakman en opvoeder wat met die onderrig van Geskiedenis verhewe doelstellinge nastreef, staan midde in hierdie branding. Hoe goed is hy toegerus om op sy bene te staan en doelgerig voort te werk? Dra hy kennis van die strominge, strydvrae, strydkrete, eise en aansprake wat tot die vak gerig word? Kan hy vir die begaafde soekende leerlinge wat oplettend dinge om hulle waarneem gemotiveerde antwoorde op hulle vrae gee? Besef hy die implikasies nie net vir die hoe, wat en waarom van sy vak nie, maar ook vir die sin en betekenis van sy arbeid? As verantwoordelike vormer van jongmense slyp hy deur sy arbeid die lense waarmee hulle na die wêreld om hulle moet kyk. 'n Swak geslypte bril verhinder nie net goeie sien nie, maar kan selfs die oë verder verswak en permanent beskadig. Onderwysowerhede het 'n plig om onderwysers deur periodieke skoling op hoogte te hou met die belangrike ontwikkelinge van die afgelope dekade of twee in hulle vak. Onderwysers het 'n plig om deur selfstudie en lees hulle eie kennis, insig en begrip van wat in die branding aangaan te verdiep.**

### BOTSENDE BENADERINGE

Die verskyning van prof. F.A. van Jaarsveld se jongste boek is vir hulle daarom 'n belangrike gebeurtenis. In **Omstrede Suid-Afrikaanse verlede: Geskiedenisideologie en die Historiese Skuldvraagstuk** interpreteer prof Van Jaarsveld die verskillende standpunte wat oor die sentrale tematologie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis ingeneem word. Die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing is omstrede omdat dit vanuit botsende standpunte wat mekaar skerp veroordeel, vertolk word. Die Afrikaner plaas sy rol en betekenis as politieke vormgewer van Suid-Afrika in die sentrale plek, die liberale skool beskou maatskaplik-ekonomiese vraagstukke wat uit industrialisering voortvloei as dié oorheersende karaktertrek, die neo-liberales interaksie tussen blank en nie-blank, die radikales die klasse-onderwerping van die kapitalisme en die Swart geskiedskrywing die berowing, onderwerping en onderdrukking van die Swart meerderheid as die hoofmomente waarom die Suid-Afrikaanse geskiedenis opgebou is. Dit lei tot 'n onewewigtige siening van die geskiedenis wat veral sedert 1969 in 'n al hoe groter mate die vorm van 'n verideologisering van die geskiedenis aangeneem het.

Dié verideologesering het reeds by die Afrikaanse nasionalistiese geskiedskrywing begin. (Ek verkies die

benaming nasionalistiese bó die term konserwatief wat prof. Van Jaarsveld in hierdie boek, in teenstelling met sy vroeëre werke, gebruik). Die Afrikaner se geskiedskrywing, een van die pilare van sy volkslewe, het 'n belangrike rol gespeel om sy nasionale ontwaking en politieke mobilisering ná 1902 moontlik te maak. In die proses het Afrikaanse historici die gebeure wat op die Afrikaner betrekking het en die Boer-Brit-stryd tot die oorheersende gebeure in die Suid-Afrikaanse geskiedenis verhef. Hy het min begrip vir die nie-blanke massas en hulle plek en rol getoon en hulle tot onbelangrike byspelers verlaag.

Dit is W.M. MacMillan en die liberales van die dertiger- en veertigerjare wat die driehoek **Bantu, Boer and Briton** en die wisselwerking veral op die arbeidsterrein binne die mynbou en nywerheidswese, eerder as die opkoms en ontwikkeling van Afrikanernasionalisme en republikeinse onafhanklikheidstrewe as die sentrale tema van die geskiedenis gestel het. Hierdie vroeë liberale skool se benadering is deur ekonomiese en humanitêre oorweginge bepaal. Die sendelinge en die geleerde en ontwikkelde Swart élite was hulle inspirasie en hulle hoop vir die ontwikkeling van 'n eenheidstroom. Vir die tradisionele Swartes in die tuislande het hulle nie juis plek in hulle geskiedskrywing gehad nie.

Die neo-liberales het juis hulle aandag op die tradisionele samelewing en sy reaksie op aanraking met die blanke tot sentrale tema geneem. Interaksie voor die koms van die blanke, op die grense, op die plase en later in die arbeidsmark waardeur 'n proses van wedersydse beïnvloeding en akkulturasie die tradisionele skeidslyne stelselmatig begin afbreuk het, is vir hulle dié kenmerk van die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Enige beleid wat hierdie proses van interaksie probeer stuit, soos die Nasionale party-regering ná 1948 probeer doen het, is daarom tot mislukking gedoem. Die neo-liberales sien die ontwikkeling van 'n smeltkroes waaruit 'n enkele (Angel-Saksiese) nasie, van baie kleure in Suid-Afrika ontwikkel, as die wesenlike krag wat onstuitbaar inherent aan die Suid-Afrikaanse geskiedenis is.

Hierdie neo-liberale benadering het met die verskyning van Monica Wilson en Leonard Thompson se **Oxford History of South Africa** in 1969 'n hoogtepunt bereik. In dieselfde jaar het die verskyning van H.J. en R.E. Simons se **Class and Colour in South Africa,** 1850-1950 die opkomende radikale skool se benadering geformaliseer. 'n Heftige debat woed sedertdien tussen die neo-liberales en die radikales. Die radikales met hulle anti-kapitalistiese en anti-blanke uitgangspunte verwerp die liberales se uitgangspunt dat ras, en nie klas nie, die oorsaak van diskriminasie in Suid-Afrika is. Die liberales se standpunt dat kapitalistiese vooruitgang, industrialisering en verstedeliking die valse en onhoudbare diskriminasie op grond van ras sal vernietig, word deur hulle verwerp. Rassediskriminasie is 'n produk van die kapitalisme waaraan liberale groot geldmagte die vernaamste aandeel het. Daarom word die wortel van diskriminasie in die tydperk ná 1890 by die mynmagnate en die industrialiste gesoek. Die Swart nasionalistiese geskiedskrywing het al hoe meer van die liberale benadering weg beweeg en al hoe sterker onder die invloed van die radikale beskouing gekom. Die blanke kapitaliste het die vooruitstrewende tradisionele Swart samelewings vernietig deur hulle grond en vee te beroof en van die selfstandige Swarte kleinboere afhanklike en onderworpe arbeiders te maak. Deur die mag wat hierdie massa Swart proletariaat in die ekonomie bekom het, is hulle in staat om uiteindelik tot die rewolusie gelei te word en sal hulle geboortereg in Azanië weer herstel word.

**F.A. VAN JAARSVELD**

Dit is teen hierdie agtergrond dat prof. Van Jaarsveld sy insiggewende ontleding van die standpuntinname van die verskillende denkrigtings doen. Daar is soveel aspekte van sy studie wat bespreking verdien dat dit nie binne die bestek van 'n enkele artikel gedoen kan word nie. Dit is 'n waardevolle hoewel uiteraard oorsigtelike en onvolledige bestekopname van die historiese debat tot op datum. Prof Van Jaarsveld se beknopte oorsig en interpretasie dring tot die hart van die argumente deur en gee 'n onskatbare geheeloorsig wat vir die oningewyde en nievakman van groot waarde is. Hy vind geen fout met die radikales se tematologie nie. Dit is trouens 'n groot wins dat hulle 'n nuwe faset van die sosiaal-ekonomiese geskiedenis na die voorpunt gebring het, nl. die posisie van die Swart kleinboer, stedeling en arbeider. Boeiende nuwe moontlikhede vir navorsing, vertolking en 'n dieper begrip van wat die Swart ervaring en reaksie behels, is deur hulle werk geopen. Daar is ook interessante parallelle tussen hulle werk en vroeëre werke. Die radikales en die Afrikaanse nasionalistiese geskiedskrywing staan byvoorbeeld albei uiters krities teenoor die rol van die mynmagnate maar om totaal verskillende redes. Die werkersklas moet van 'n selfbeeld en 'n ideologie voorsien word wat hulle tot opstand sal/kan motiveer deur hulle opstand te regverdig as noodsaaklik vir die herstel van 'n historiese onreg. Dit vind hulle in die Marxistiese/Neo-Marxistiese teorie in sy verskillende gedaantes van die Klassieke Marxiste tot by Poulantzas en Althuser. Van Jaarsveld behandel die kenmerke, die uitgangspunte en die bydraes van die radikales en kom dan tot 'n aantal gevolgtrekkings:

- Vir die radikales is die kultuurrewolusie (intellektuele rewolusie) nodig voor die politieke rewolusie. In eersgenoemde moet die geskiedskrywing 'n belangrike rol speel want hy moet die agtergrond verskaf en die weg voorberei vir die politieke rewolusie deur historiese aansprake en regverdiging te ondergrawe, te diskrediteer en 'n skuldgevoel te skep.

- Van Jaarsveld veroordeel die aanspraak dat alle grense tussen geestes- en sosiale wetenskappe moet verdwyn en 'n enkele holistiese, monolities-sosialistiese Marxistiese geskiedwetenskap tot stand moet kom. Van Jaarsveld erken die interdissiplinêre aard van die wetenskap en die geskiedenis, maar wat die Marxiste beoog, is 'n naturalistiese verklaringsmodel.

- Terselfdertyd vereenselwig hy hom met Thomas Kuhn se opvatting dat die Geskiedwetenskap na die Tweede Wêreldoorlog verinternasionaliseer is en 'n paradigmawisseling ondergaan het van 'n vertolkende geesteswetenskap na 'n histories-sosiale, analitiesverklarende wetenskap. Die ou historiese teenstelling tussen die individualiserende verstaanmetode van die Historisme en Idealisme en die analitiese verklaarbenadering van die Verligting en die Positivisme is tot 'n groot mate oorbrug. Die samekoms van die twee hoofrigtings het geskiedenis nader aan die sosiale wetenskappe gebring. Daarom moet Afrikaanse historici ook veel meer aandag aan die sosiale en ekonomiese geskiedenis gee, maar dan vry van ideologisering. Historici moet ook waak teen die ontmensliking van die Geskiedenis en die verdorring tot abstrakte ekonomiese en sosiale kragte deur die opdwing van teorieë aan die geskiedenis.

- Van Jaarsveld bepleit 'n hervertolking van die Suid-Afrikaanse geskiedenis wat die positiewe voordele van die nuwe insigte wat die neo-liberales en die radikales gebring het, met 'n meer verantwoordelike wetenskapsmetode en 'n beter ewewig van siening sal

kombineer. Suid-Afrika, sê hy, staan op die breukvlak van twee tydperke en dit is juis wanneer 'n volk of kultuur só 'n breukvlak bereik dat 'n diepsinnige, verantwoorde en gebalanseerde hervertolking vry van ideologie en teorie nodig is.

- Is só 'n algemene geskiedenis van Suid-Afrika moontlik? Van Jaarsveld is optimisties dat dit bereik kan word, maar terselfdertyd waarsku hy dat in die politieke maalstroom waarin Suid-Afrika verkeer só 'n sintese nooit almal sal bevredig en deur almal aanvaar sal word nie. Snelle veranderinge wat in die samelewingsverhoudinge intree en verskille in uitgangspunte en verwysingsraamwerke maak finale vertolking onmoontlik. Tog moet gewerk word aan die ontwikkeling van só 'n sintese wat geen blote somtotaal van verskillende groepsgeskiedenisse moet wees nie, maar wat aan elke groep sy regmatige plek moet toeken. Daar is 'n aantal voorwaardes waaran voldoen moet word om dit te kan bereik:

  — Die verlede moet uit homself verstaan word ooreenkomstig sy eie waardemaatstawwe en moet nie met eietydse maatstawwe vanuit die hede beoordeel word nie.

  — Swart skrywers loop die gevaar om 'n onwerklike beeld van die verlede op grond van hedebetrokkenheid te skep. Afrikaanse skrywers, aan die ander kant, loop die gevaar om hulle oorgeërfde verledebeeld te verstar. (Dan moet 'n mens byvoeg dat Engelse skrywers hulle te veel deur Amerikaanse en Europese teorieë en modelle laat kniehalter om die besondere en die buitengewone andersoortigheid in die Suid-Afrikaanse omstandighede raak te sien en te nuanseer).

  — Ooreenkomste en vergelykbaarhede, naas verskille en botsings, moet raakgesien word.

  — Daar moet in die geskiedskrywing 'n formule van gee en neem gevind word wat tot wedersydse kulturele en politieke verryking kan lei en die immer verskuiwende horisonne en vlakke van die tyd weergee.

Dit is die rype en oorwoë toekomsblik van ons mees deurkneë en produktiewe historikus aan die einde van sy formele onderrigloopbaan. Waar prof Van Jaarsveld aan die einde van hierdie jaar as hoogleraar uittree, het hy met hierdie werk waarskynlik die kroon op sy historiografiese arbeid gespan. Dit is hy wat met sy opstelle oor die ontstaan van die Afrikaanse geskiedskrywing, die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing gedurende die twintigste eeu en sy gereelde op hoogte bly met die kontinentale ontwikkelinge in die vak leiding kan gee oor nuwe studieterreine. In die vyftigerjare het hy oor die ideëgeskiedenis vir die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing nuwe weë geopen, in die sestigerjare volg sy sterk betrokkenheid by didaktiese en metodologiese aspekte, in die sewentigerjare verstedeliking en die sosiale geskiedenis. Sonder F.A. van Jaarsveld sou die onderrig van Geskiedenis armer gewees het.

Dat hy somtyds in hewige stormwaters moes vaar, is nie vreemd nie. Enersyds is dit die tipiese ervaring van 'n baanbreker, andersyds leen sy polemiese styl en strydvaardigheid hom daartoe. As baanbreker breek hy inderdaad dinge oop en is die rustige, besonke diepte vir hom nog nie beskore nie. Maar deur sy polemiese stryde het hy weliswaar die vuur op hom getrek, maar ook daarmee die aktualiteit van die lewende verlede vergestalt. Dit is inderdaad van F.A. van Jaarsveld waar dat mens van hom kan verskil of met hom kan saamstem, maar ignoreer kan jy nie.

Daar is ook in **Omstrede Suid-Afrikaanse verlede** sake waaroor daar indringende verskil van mening sal en moet bestaan. Soms is hy te skerp in sy tekening van die Afrikaanse geskiedskrywing en mis 'n mens gevoeligheid vir belangrike nuanses. Sy stelling dat die jonger Afrikaanse historici uit voeling met hedendaagse tendense in die geskiedskrywing is, is oop vir debat. Sy opvatting dat die Afrikaner se geskiedenis tot 1961 'n kultus was, is 'n sterk uitspraak. Die formulering van 'n skuldvraagstuk as die sentrale problematiek in die historiografie moet bevraagteken word. Sy worsteling met Giliomee en Du Toit het groter besonkenheid verkry as in die openbare polemiek maar nog nie groter helderheid nie. Albei partye het skynbaar nie 'n fyn genuanseerde begrip van mekaar se standpunte nie. Giliomee en Du Toit is onbillik in hulle interpretasie van Van Jaarsveld, laasgenoemde het nog nie 'n finale, heldere greep op die modelle wat Giliomee ongekwalifiseerd op die Suid-Afrikaanse geskiedenis oorgeplaas het nie. Die onderlinge verskille tussen die radikales kon stellig in 'n oorsigswerk soos hierdie nie behandel word nie. Die fynere prinsipiële en metodologiese gronde en probleme van die liberale geskiedskrywing kan eweneens nie binne so 'n kort werk belig word nie.

Maar al hierdie aspekte doen geen afbreuk aan die groot waarde van hierdie werk nie. Binne die beperkinge van 200 bladsye is die hoofmomente van die debat oor ons geskiedenis saamgevat. Dit is in prof. Van Jaarsveld se aangename en boeiende styl geskryf wat dit besonder lesenswaardig maak en binne elke leser se begripsveld bring. Die stel uitdaginge vir almal wat by die vak betokke is. 'n Mens kan nie anders as om die boek neer te sit met 'n besef van die geweldige problematiek wat in hierdie debat vervat is nie. Terselfdertyd maak dit 'n mens ook bewus van die opwindende uitdaginge wat die vakbied. Geskiedenis staan in die branding, maar dit is in die branding dat jou krag, vaardigheid en vermoëns getoets word. Daar kan jy nie deur die son lui en traag gebak word nie.

---

> Tans ervaar ons hoe mense stadig maar seker besig is om hulle van alle tradisionele bande los te maak. Daar is geen instink wat die mens meer vertel wat hy moet doen nie, en daar is geen tradisie wat voorskryf wat hy behoort te doen nie. Dit is asof die mens nie meer weet wat om te doen nie of hy geen eie begeertes het nie. Veeleer begeer hy om te doen wat ander mense doen, of hy doen wat ander mense nie hê dat hy moet doen.
>
> — *Viktor Frankl.*